

8 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:4-12
Fokusgedeelte: NGB, Art 28

Die eenheid van die kerk – onderwerping aan leer en tug

Die eenheid van die kerk is 'n gegewe. Dit hoef nie nog bewerk te word nie, want Christus het dit klaar aan die kruis bewerk. Dieselfde prys is vir almal betaal. Almal leef onder dieselfde Hoof en bestaan deur een en dieselfde genade en liefde. Die kerk IS een, maar hierdie eenheid moet gestalte kry! Gelowiges moet leer om as een liggaam te funksioneer. Dit kom nie vanself nie. Van nature is ons selfsugtig en lui om saam te werk. Ons wil eerder elkeen ons eie pad loop. Vir gelowiges om as 'n eenheid saam te werk is daar baie groei nodig. Ons moet GEVORM word.

Ons Skrifgedeelte wys hoe God hierdie vorming bewerk. Soos 'n vader vorm Hy jou deur tug. Tug is pynlike of moeilike omstandighede wat God in jou lewe bring. Dit kom nie as vergelding vir dinge wat jy verkeerd gedoen het nie (Christus het mos die straf gedra), maar as opvoeding om jou te vorm.

Die Griekse woord vir "vorm" (vers 11) hou verband met ons woord "gimnasium". Die lewe is inderwaarheid God se gimnasium! Hier kry ek en jy 'n strawwe oefenprogram om ons sondige eiewilligheid en geestelike luiheid ("slap hande en lam knieë") te rehabiliteer. Namate gelowiges op hierdie pad vorder, kry hulle eenheid in Christus al meer gestalte. Dit word sigbaar in die heiligheid (vers 10) en vrede wat hulle met mekaar deel (vers 11). Onderwerp jou ook vandag weer gewillig aan God se oefenprogram. Sy tug is LIEFDE (vers 6)!

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)